# UNIVERSITEIT VAN DIUE VRYSTAAT

**NAGRAADSE JAARBOEK**

## FAKULTEIT EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE

# 2011



**Dekaan:**
Prof. M.J. (Tienie) Crous
Flippie Groenewoudgebou 171
Telefoonnommer: (051) 401-2310
E-pos: crousmj@ufs.ac.za

## Honneursgrade

Algemene fakulteitsregulasies, inligting en oorgangsmaatreëls, voorvereistes ……………………………………………………………..4

## Kurrikulums:

### Dissiplinegebaseerde honneursgrade

Bedryfsielkunde……………………………………………………….8

Ekonomie…………………………………………………………..10

Ondernemingsbestuur…………………………………………….19

Openbare Bestuur………………………………………………20

Rekeningkunde…………………………………………………….21

### Temagerigte honneursgrade
### Theme-based honours degrees

B.Com. (Marketing)……………………………………………….25

## Magistergrade

Algemene fakulteitsregulasies, inligting en oorgangsmaatreëlsl….27

### Kurrikulum

Bedryfsielkunde...…………………………………………….29

Ekonomie...…………………………………………………...30

Ondernemingsbestuur...…………………………………….35

Openbare Bestuur...………………………………………….36

Rekeningkunde
(M.Com.).....………………………………………………..36
Rekeningkunde (M.Rek.)......…………………………………37

M.P.A.......……………………………………………..………………37

**Doktorsgrade...**……………………………………………………..**.**37

**Gevorderde en Nagraadse Diplomas**

Gevorderde Diploma in Publieke Administrasie.........................41
..........………………………………………

Nagraadse Diploma in Belastingstrategie en Bestuur ………….43

# HONNEURS-BACCALAUREUSGRADE

ʼn Honneursgraad gee aan die student wat reeds ʼn baccalaureusgraad behaal het, geleentheid om verder te studeer in ʼn voorkeurrigting.

Hoewel ʼn baccalaureusgraad wel vir ʼn student ʼn soliede, algemeenvormende wetenskaplike basis gee (al is dit met ʼn spesifieke fokus in die derde studiejaar), bied honneursstudie veel meer geleentheid tot vakkundige en wetenskaplike verdieping asook spesialisasie. Sodanige verdieping berei die student enersyds baie beter voor vir ʼn gekose loopbaanrigting, of verskaf andersyds ʼn oorgang na gevorderde nagraadse studie vir ʼn magistergraad of uiteindelik ʼn doktorsgraad (Ph.D.), die hoogste akademiese kwalifikasie.

Die volgende honneursgrade word in die Fakulteit aangebied:

| **Graad** | **Minimum jare van studie** | **Afkorting** | **Studie-kode** |
|---|---|---|---|
| Baccalaureus Honores in Rekeningkunde | 1 | B.Rek.Hons. | 6580 |
| Baccalaureus Honores in Bestuursrekeningkunde | 1 | B.Com. Hons. Bestuursrekeningkunde | 6518 |
| Baccalaureus Honores in Owerheidsrekeningkunde | 1 | B.Com. Hons. Owerheidsrekeningkunde | 6519 |
| Baccalaureus Honores in Belasting | 1 | B.Com. Hons. Belasting | 6521 |
| Baccalaureus Administrationis Honores | 1 | B.Admin.Hons | 6510 |
| Baccalaureus Commercii Honores: Ekonomiese Beleidsontleding | 1 | B.Com. Hons. Ekonomiese Beleidsontleding | 6501 |
| Baccalaureus Commercii Honores: Toegepaste Ekonometrie | 1 | B.Com. Hons. Toegepaste Ekonometrie | 6516 |
| Baccalaureus Commercii Honores: Finansiële Ekonomie en Beleggingsbestuur | 1 | B.Com. Hons. Finansiële Ekonomie en Beleggingsbestuur | 6517 |
| Baccalaureus Commercii Honores: Finansiële Ekonomie en Bankwese | 1 | B.Com. Hons Finansiële Ekonomie en Bankwese | 6502 |
| Baccalaureus Commercii Honores | 1 | B.Com. Hons. | 6500 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| Baccalaureus Commercii Honores: Bemarking | 1 | B.Com. Hons Bemarking | 6504 |
| Baccalaureus Commercii Honores: Rekeningkunde | 1 | B.Com. Hons Rekeningkunde | 6506 |
| Baccalaureus Honores in Openbare Bestuur | 1 | B.Pub. Hons. | 6570 |

* Slegs vir studente wat B.Econ. of B.P.L. aan die UV of ‘n ander universiteit behaal het.

Slegs die honneursgraad wat volg op die kandidaat se baccalaureusgraad kan geneem word, bv. B.Com. Hons. kan slegs volg op 'n B.Com., behalwe in uitsonderlike gevalle waar ’n student weens ’n baie goeie rede en met spesiale toestemming in ’n nie-ooreenstemmende honneursgraad ge-akkommodeer kan of moet word (algemene regulasie A56).

In hierdie Fakulteit kan ’n honneursgraad op een van twee wyses geneem word:

(a) Honneurs in ’n bepaalde *vak of dissipline*, bv. Ekonomie of Statistiek, wat in die kandidaat se baccalaureusgraad as ’n hoofvak (d.w.s. tot op derdejaarsvlak) geneem is. 'n Dissiplinehonneursgraad kan byvoorbeeld in die volgende dissiplines behaal word:

- Ekonomie
- Ondernemingsbestuur
- Bedryfsielkunde
- Rekeningkunde
- Openbare Bestuur
- Statistiek
- Rekenaarinligtingstelsels

Gewoonlik kan in ’n dissiplinehonneurs ook enkele modules (semester-modules) uit ’n ander dissipline ingesluit word.

- Honneurs in ’n bepaalde *temarigting*, nl. Bemarking, wat multidissiplinêr saamgestel word uit voorgeskrewe semestermodules uit verskeie dissiplines.

Die gekose tema word dan tussen hakies aangedui, byvoorbeeld B.Com. Hons. (Bemarking).

Studente wat voorheen die grade B.Econ. of B.P.L behaal het, kan van hierdie temarigtings ook in die ooreenstemmende honneursgraad

B.Econ. Hons. of B.P.L. Hons. volg, solank die nodige vakvoorvereistes nagekom word.

'n Honneursgraad bestaan tipies uit ses of meer modules (gewoonlik semestermodules, maar sommiges ook taalmodules) plus 'n skripsie of navorsingsprojek.

Al die semester- en jaarmodules wat in die Jaarboek aangedui word, word nie noodwendig elke jaar aangebied nie.

**REGULASIES**

Tensy anders gespesifiseer, is die algemene regulasies ten opsigte van honneursgrade van toepassing op alle honneursgrade in hierdie fakulteit.

**TOELATING**

Om in 'n dissiplinehonneurs te studeer, moet daardie vak in die baccalaureusgraad tot op derdejaarsvlak geneem gewees het. Vir 'n temagerigte honneurs geld ook soortgelyke toelatingsvereistes (kyk tabel hieronder).

- 'n Honneurs temarigting (“hakie”) hoef egter nie noodwendig dieselfde te wees as die voorgraadse keuserigting (“hakie”) nie, solank die voorvereistes nagekom word.

Toestemming om 'n honneursgraad in 'n bepaalde dissipline te volg, moet by die betrokke departementele voorsitter verkry word. Dit moet geskied voor registrasie as student vir die betrokke jaar. Toestemming vir honneursstudie in een van die temarigtings moet voor registrasie verkry word van die Programdirekteur: Privaatsektorbestuur.

## REG.F28 VOORVEREISTES

Die volgende bykomende voorvereistes geld vir honneursstudie in die onderstaande dissiplines/temas. 'n Student wat nie aan hierdie voorvereistes voldoen nie, kan die ontbrekende module(se) gesamentlik met die honneursstudie aanbied.

| Vakgebied | | Bykomende voorvereiste |
|---|---|---|
| Ondernemingsbestuur | | STK114 en STK124 of WTW114 en WTW124* |
| Ekonomie | | STK114 en STK124 of WTW114 en WTW124* |
| Finansiële Ekonomie | | STK114 en STK124 of WTW114 en WTW124* |
| Bemarking | | STK114 en STK124 of WTW114 en WTW124* |
| Rekeningkunde: | | |
| | FIN608 | FIN308/REK608 |
| | BRF608 | BRF308/MAF608 of BRF314 & OBS364 saam |
| | BLS608 | BLS308/BEL608 |
| | ODT608 | ODT308/AUD608 |
| | REK608 | REK308 of FIN208 |
| | AUD608 | ODT214 en ODT224 |
| | BEL608 | BLS308 of BEL308 |
| | MAF608 | BRF308 of BRF314 & OBS364 saam |

Nagraadse studente in dissiplines anders as Ekonomie of in ŉ bepaalde multidissiplinêre temarigting wat ŉ nagraadse module in Mikro-ekonomie, Makro-ekonomie of Ekonometrie wil insluit in hul honneursgraad, moet Ekonomie minstens op tweedejaarsvlak geslaag het.

## REG.F29 KURRIKULA: DISSIPLINEHONNEURSGRADE

Vervolgens inligting, kurrikula en voorskrifte vir die onderskeie vak- en temarigtings waarin 'n honneursgraad behaal kan word.

| F29.1 | Modules in ander Fakulteite<br>Studiekode 6500 |
|---|---|

Vir honneurs in enige van die volgende vakrigtings

**Antropologie**
**Bedryfskommunikasie**
**Landbou-ekonomie**
**Politieke wetenskap**
**Rekenaarinligtingstelsels**
**Sielkunde**
**Statistiek**
**Wiskunde,**

raadpleeg die Jaarboek van die betrokke Fakulteit vir die kurrikulum.

| F29.2 | BEDRYFSIELKUNDE<br>Studiekode 6500 |
|---|---|

**TOELATINGSVEREISTES:**

Ten einde te kwalifiseer vir toelating tot die keuringsproses vir die honneursprogram te verkry moet 'n student aan die volgende vereistes voldoen:

* Dat die student die volgende voorgraadse Bedryfsielkunde modules met 'n algehele gemiddelde punt van 65% (of 'n ekwivalente modules van 'n ander instansie) geslaag het;
   - (Organisasiesielkunde)
   - (Menslike Hulpbronbestuur)
   - (Werkgewer en werknemerverhoudinge)
   - (Loopbaansielkunde)
   - (Opleiding en Ontwikkeling)
   - (Navorsingsmetodologie)

* Dat die student die module RSM324 (Navorsingsmetodologie) geslaag het met 'n punt van 65% of meer;
* **Dat die student ’n module in NavorsingsmetodologiePSY332 geslaag het;**
* Dat die student alreeds in besit is van 'n Baccalaureus graad of kwalifiseer om sy/haar Baccalaureus graad te verwerf
   voor registrasie vir die honneursgraad.

**Inligting**

Voornemende studente moet elke jaar voor 30 November skriftelik by die departementele voorsitter aansoek doen om toelating tot die graad (wat 'n keuringsproses insluit) voordat hulle vir die daaropvolgende jaar mag registreer. Aansoekvorms is by die departementele voorsitter, departement Bedryfsielkunde beskikbaar.

**Voorwaardes vir toelating**

Om toelating tot honneursstudie in Bedryfsielkunde te verkry, moet ŉ voornemende student

- al die voorgraadse Bedryfsielkunde modules geslaag het (of gelykwaardige modules van ander instellings) en ten minste 60% vir RSM 324 (Navorsingsmetodologie) behaal het en 'n algehele gemiddelde persentasie van 60% vir al die voorgraadse kursusse in Bedryfsielkunde.
- Verder moet ŉ voornemende honneursstudent ook reeds oor ŉ voorgraadse kwalifikasie (baccalaureusgraad) beskik en PSY332 en PSY324 op voorgraadse vlak geslaag het alvorens aansoek vir honneurs in Bedryfsielkunde gedoen kan word.
- BRS111 en BRS121 (of 'n gelykwaardige kwalifikasie) geslaag het.
- Aansoekvorms is by die Departementele Voorsitter, Departement Bedryfsielkunde, beskikbaar.

**Kurrikulum**

Die graad bestaan uit twee jaarmodules en vier semestermodules plus 'n skripsie. Die graadsamestelling word in oorleg met die departementele voorsitter gedoen.

Studente wat reeds gekeur is vir B.Psig. ekwivalensie ten einde te registreer as psigometriste by die GBRSA (Gesondheidberoeperaad van Suid-Afrika) moet SIL604 en SIL654 in die plek van LAB614 neem.

**Graadsamestelling**

| | MODULEKODE | |
|---|---|---|
| **Modulenaam** | **Semester 1** | **Semester 2** |
| Navorsingmetodologie | RSM 608 | RSM 608 |
| Sielkundige assessering en meting | PAM 608 | PAM 608 |
| Skripsie | DIS 608 | DIS 608 |
| Loopbaansielkunde | OCP 614 | |
| Arbeidsverhoudinge | LAB 614 | |
| Menslike Hulpbronbestuur | | HUM 624 |
| Organisasie sielkunde | | ORG 624 |

Studente wat reeds gekeur is vir B.Psig. ekwivalensie moet Arbeidsverhoudinge (LAB 614) vervang met beide:
SIL604 Perspektiewe op groepe en gemeenskappe **en**
SIL654 Terapeutiese intervensie en etiek

## F29.3 EKONOMIE
## Studiekode 6515

**Inligting**

Om toelating tot honneursstudie in Ekonomie te verkry moet ‘n student EKN314, EKN324 en EKT324 (of ekwivalente modules, indien voornemende student sy/haar voorgraadse studies by ‘n ander universiteit voltooi het) met ‘n gesamentlike gemiddeld van ten minste 60% geslaag het. Daarby moet hierdie student EKN114; EKN124; EKN214 en EKN224 (of ekwivalent modules) voltooi het. Neem kennis dat aangesien daar in totaal slegs 50 plekke in die nagraadse programme van Departement Ekonomie beskikbaar is, beteken hierdie toelatingsvereistes nie outomatiese toegang tot die honneursprogram nie.

Voornemende studente moet voor 30 November skriftelik aansoek doen om toelating tot die graad alvorens hulle vir die graad in die daaropvolgende jaar kan registreer. Aansoekvorms is by die departementele voorsitter, departement Ekonomie, beskikbaar.

**Kurrikulum**

Die kurrikulum moet in ooreenstemming met die tabelle van die relevante grade soos hieronder uiteengesit, saamgestel word. Die keuse van modules moet deur die departementele voorsitter goedgekeur word. Alle modules

word nie noodwendig jaarliks aangebied nie, en keuses kan beïnvloed word deur personeelbeskikbaarheid en interne omstandighede. Onderhewig aan die goedkeuring van die departementele voorsitter, kan die graad oor twaalf, agtien of vier-en-twintig maande voltooi word, afhangende van die student se akademiese agtergrond en of die kandidaat 'n voltydse of deeltydse student is.

Volledige inligting oor die aanbiedingswyses en die optimale samestelling van 'n graadpakket is op aanvraag by die departementele voorsitter, Departement Ekonomie, beskikbaar.

| **Module** | **Semester 1** | **Semester 2** |
|---|---|---|
| Mikro-ekonomie | ECO611 | |
| Makro-ekonomie I | ECO612 | |
| Inleiding tot ekonometrie | ECO613 | |
| Metodologie van ekonomie# | ECO631 | |
| Wiskundige ekonomie # | ECO632 | |
| | | **Een van die volgende:** |
| Skripsie in ekonomie | | ECO691 |
| Publiseerbare artikel in ekonomie | | ECO681 |
| | | **Twee van die volgende:** |
| Finansiële stelsels en monetêre beleid | | ECO621 |
| Internasionale ekonomie | | ECO623 |
| Openbare Ekonomie I (Fiskale beleid) | | ECO624 |
| Arbeidsekonomie | | ECO626 |
| | | ‘n Goedgekeurde meestersvak met toestemming van die departementele voorsitter |
| | | ‘n Goedgekeurde Module van ‘n ander departement met toestemming van die |

| | | |
|---|---|---|
| | | departementele voorsitters van die betrokke departemente. Gebruik die gepaste modulekodes |

[#] Modules tel 8 krediete; alle ander modules tel 16 krediete; skripsie of publiseerbare artikel tel 32 krediete.

## F29.3 Finansiële Ekonomie en Beleggingsbestuur Studiekode 6517

**Inligting**

Om toelating tot honneursstudie in Finansiële Ekonomie en Beleggingsbestuur te verkry moet 'n student óf

- EKN314, EKN324 en EKT324 (of ekwivalente modules indien voornemende student sy/haar voorgraadse studies by 'n ander universiteit voltooi het) met 'n gesamentlike gemiddeld van 60% geslaag het. Daarby moet hierdie student EKN114, EKN124, EKN214, EKN224, OBS234, OBS364, REK114 en REK124 (of ekwivalente modules) geslaag het.
  of
- GEB314 (of FEC314), GEB324 (of FEC324) en EKT324 (of ekwivalente modules indien voornemende student sy/haar voorgraadse studies by 'n ander universiteit voltooi het) met 'n gesamentlike gemiddeld van 60% geslaag het. Daarby moet hierdie student EKN114, EKN124, GEB214 (of FEC214), GEB224 (of FEC224), EKN224, OBS234, OBS364, REK114 en REK124 (of ekwivalente modules) geslaag het.
  of
- OBS314, OBS364 en EKT324 (of ekwivalente modules indien voornemende student sy/haar voorgraadse studies by 'n ander universiteit voltooi het) met 'n gesamentlike gemiddeld van 60% geslaag het. Daarby moet hierdie student EKN114, EKN124, OBS134, OBS144, OBS234, OBS244, EKN224, REK114 en REK124 (of ekwivalente modules) geslaag het.
  of
- BRF314, OBS364 en EKT324 (of ekwivalente modules indien voornemende student sy/haar voorgraadse studies by 'n ander universiteit voltooi het) met 'n gesamentlike gemiddeld van 60% geslaag het. Daarby moet hierdie student EKN114, EKN124, EKN224, REK114, REK124 en BRF214 (of ekwivalente modules) geslaag het.

of

- BRF308 en EKT324 (of ekwivalente modules indien voornemende student sy/haar voorgraadse studies by ‘n ander universiteit voltooi het) met ‘n gemiddeld van 60% geslaag het. Daarby moet hierdie student OBS234, EKN114, EKN124, EKN224, REK114, REK124 en BRF214 (of ekwivalente modules) geslaag het.

Neem kennis dat aangesien daar in totaal slegs 50 plekke in die nagraadse programme van Departement Ekonomie beskikbaar is, beteken hierdie toelatingsvereistes nie outomatiese toegang tot die honneursprogram nie.

Voornemende studente moet voor 30 November skriftelik aansoek doen om toelating tot die graad alvorens hulle vir die graad in die daaropvolgende jaar kan registreer. Aansoekvorms is by die departementele voorsitter, departement Ekonomie, beskikbaar.

**Kurrikulum**

Die kurrikulum moet in ooreenstemming met die tabel soos hieronder uiteengesit, saamgestel word. Die keuse van modules moet deur die departementele voorsitter goedgekeur word. Alle modules word nie noodwendig jaarliks aangebied nie, en keuses kan beïnvloed word deur personeelbeskikbaarheid en interne omstandighede. Onderhewig aan die goedkeuring van die departementele voorsitter, kan die graad oor twaalf, agtien of vier-en-twintig maande voltooi word, afhangende van die student se akademiese agtergrond en of die kandidaat 'n voltydse of deeltydse student is.

Volledige inligting oor die aanbiedingswyses en die optimale samestelling van 'n graadpakket is op aanvraag by die departementele voorsitter, Departement Ekonomie, beskikbaar.

| **Module** | **Semester 1** | **Semester 2** |
|---|---|---|
| Makro-ekonomie I | ECO612 | |
| Inleiding tot ekonometrie | ECO613 | |
| Wiskundige ekonomie # | ECO632 | |
| Sekuriteitsanalise # | ECO634 | |
| Gevorderde finansiële bestuur | OBS612 | |

| | | |
|---|---|---|
| Beleggingsbestuur | | ECO622 |
| Finansiële stelsels en monetêre beleid | | ECO621 |
| | | **Een van die volgende:** |
| Skripsie in finansiële ekonomie en portefeuljebestuur | | ECO693 |
| Publiseerbare artikel in finansiële ekonomie en portefeuljebestuur | | ECO683 |

# Modules tel 8 krediete; alle ander modules tel 16 krediete; skripsie of publiseerbare artikel tel 32 krediete.

**F29.4 Toegepaste Ekonometrie**
**Studiekode 6516**

**Inligting**

Om toelating tot honneursstudie in Toegepaste Ekonometrie te verkry moet ‘n student EKN314, EKN324 en EKT324 (of ekwivalente modules indien voornemende student sy/haar voorgraadse studies by ‘n ander universiteit voltooi het) met ‘n gesamentlike gemiddeld van 60% geslaag het. Daarby moet hierdie student EKN114; EKN124; EKN214 en EKN224 (of ekwivalente modules) voltooi het. Neem kennis dat aangesien daar in totaal slegs 50 plekke in die nagraadse programme van Departement Ekonomie beskikbaar is, beteken hierdie toelatingsvereistes nie outomatiese toegang tot die honneursprogram nie.

Voornemende studente moet voor 30 November skriftelik aansoek doen om toelating tot die graad alvorens hulle vir die graad in die daaropvolgende jaar kan registreer. Aansoekvorms is by die departementele voorsitter, departement Ekonomie, beskikbaar.

**Kurrikulum**

Die kurrikulum moet in ooreenstemming met die tabel soos hieronder uiteengesit, saamgestel word. Die keuse van modules moet deur die departementele voorsitter goedgekeur word. Alle modules word nie noodwendig jaarliks aangebied nie, en keuses kan beïnvloed word deur personeelbeskikbaarheid en interne omstandighede. Onderhewig aan die goedkeuring van die departementele voorsitter, kan die graad oor twaalf, agtien of vier-en-twintig maande voltooi word, afhangende van die student se

akademiese agtergrond en of die kandidaat 'n voltydse of deeltydse student is.

Volledige inligting oor die aanbiedingswyses en die optimale samestelling v 'n graadpakket is op aanvraag by die departementele voorsitter, departement Ekonomie, beskikbaar.

| **Module** | **Semester 1** | **Semester 2** |
|---|---|---|
| Mikro-ekonomie | ECO611 | |
| Makro-ekonomie I | ECO612 | |
| Inleiding tot ekonometrie | ECO613 | |
| Metodologie van ekonomie# | ECO631 | |
| Wiskundige ekonomie# | ECO632 | |
| | | **Een van die volgende:** |
| Skripsie in toegepaste ekonometrie | | ECO692 |
| Publiseerbare artikel in toegepaste ekonometrie | | ECO682 |
| | | **Een van die volgende:** |
| Gevorderde tydreeksekonometrie | | ECO722 |
| Deursnit- en paneeldata-ekonometrie | | ECO723 |
| | | Een van die volgende: |
| Finansiële stelsels en monetêre beleid | | ECO621 |
| Internasionale ekonomie | | ECO623 |
| Openbare ekonomie I (Fiskale beleid) | | ECO624 |
| Arbeidssekonomie | | ECO626 |
| | | ‘n Goedgekeurde Module van ‘n ander departement met toestemming van die departementele |

| | | |
|---|---|---|
| | | voorsitters van die betrokke departemente. Gebruik die gepaste modulekodes |

# Modules tel 8 krediete; alle ander modules tel 16 krediete; skripsie of publiseerbare artikel tel 32 krediete.

**Spesialisasierigting: Ekonomiese Beleidsontleding**
**Studiekode 6501**

‘n Honneursgraad met spesialisasie in Ekonomiese Beleidsontleding kan binne departement Ekonomie behaal word. Die graad word saamgestel in oorleg met die departementele voorsitter.

Om toelating tot honneursstudie in Ekonomiese Beleidsontleding te verkry moet ‘n student EKN314, EKN324 en EKT324 (of ekwivalente modules indien voornemende student sy/haar voorgraadse studies by ‘n ander universiteit voltooi het) met ‘n gesamentlike gemiddeld van 60% geslaag het, bykomend tot die voltooiing van EKN114; EKN124; EKN214 en EKN224 (of ekwivalente modules). Neem kennis dat aangesien daar in totaal slegs 50 plekke in die nagraadse programme van Departement Ekonomie beskikbaar is, beteken hierdie toelatingsvereistes nie outomatiese toegang tot die honneursprogram nie.

Voornemende studente moet voor 30 November skriftelik aansoek doen om toelating tot die graad alvorens hulle vir die graad in die daaropvolgende jaar kan registreer. Aansoekvorms is by die departementele voorsitter, departement Ekonomie, beskikbaar.

**Kurrikulum**
Die kurrikulum moet in ooreenstemming met die tabel soos hieronder uiteengesit, saamgestel word. Die keuse van modules moet deur die departementele voorsitter goedgekeur word. Onderhewig aan die goedkeuring van die departementele voorsitter, kan die graad oor twaalf, agtien of vier-en-twintig maande voltooi word, afhangende van die student se akademiese agtergrond en of die kandidaat 'n voltydse of deeltydse student is.

Volledige inligting oor die aanbiedingswyses en die optimale samestelling van 'n graadpakket is op aanvraag by die departementele voorsitter, Departement Ekonomie, beskikbaar.

| Module | Semester 1 | Semester 2 |
|---|---|---|
| Mikro-ekonomie | ECO611 | |
| Makro-ekonomie I | ECO612 | |
| Inleiding tot ekonometrie | ECO613 | |
| Metodologie van ekonomie# | ECO631 | |
| Wiskundige ekonomie # | ECO632 | |
| | | **Een van die volgende:** |
| Skripsie in ekonomiese beleidsanalise | | ECO694 |
| Publiseerbare verwante artikel in ekonomiese beleidsanalise | | ECO684 |
| | | **Twee van die volgende:** |
| Finansiële stelsels en monetêre beleid | | ECO621 |
| Owerheidsekonomie I: (Fiskale beleid) | | ECO624 |
| Arbeidsekonomie | | ECO626 |

# Modules tel 8 krediete; alle ander modules tel 16 krediete; skripsie of publiseerbare artikel tel 32 krediete.

**Spesialisasierigting: Finansiële Ekonomie en Bankwese**
**Studiekode 6502**

‘n Honneursgraad met spesialisasie in Finansiële Ekonomie en Bankwese kan in departement Ekonomie verkry word deur gespesialiseerde modules te neem.

Om toelating tot honneursstudie in Finansiële Ekonomie en Bankwese te verkry, moet ’n student GEB314 (of FEC314), GEB324 (of FEC324) en EKT324 (of ekwivalente modules indien voornemende studente hulle voorgraadse studies by ’n ander universiteit voltooi het) met ’n gesamentlike gemiddeld van 60% geslaag het, bykomend tot die voltooiing van EKN114; EKN124; GEB214 (of FEC214) en GEB224 (of FEC224) (of ekwivalente

modules). . Neem kennis dat aangesien daar in totaal slegs 50 plekke in die nagraadse programme van Departement Ekonomie beskikbaar is, beteken hierdie toelatingsvereistes nie outomatiese toegang tot die honneursprogram nie.

Voornemende studente moet voor 30 November skriftelik aansoek doen om toelating tot die graad alvorens hulle vir die graad in die daaropvolgende jaar kan registreer. Aansoekvorms is by die departementele voorsitter, departement Ekonomie, beskikbaar.

**Kurrikulum**

Die kurrikulum moet in ooreenstemming met die tabel soos hieronder uiteengesit, saamgestel word. Die keuse van modules moet deur die departementele voorsitter goedgekeur word. Onderhewig aan die goedkeuring van die departementele voorsitter, kan die graad oor twaalf, agtien of vier-en-twintig maande voltooi word, afhangende van die student se akademiese agtergrond en of die kandidaat 'n voltydse of deeltydse student is.

Volledige inligting oor die aanbiedingswyses en die optimale samestelling van 'n graadpakket is op aanvraag by die departementele voorsitter, departement Ekonomie, beskikbaar.

| **Module** | **Semester 1** | **Semester 2** |
|---|---|---|
| Makro-ekonomie I | ECO612 | |
| Inleiding tot ekonometrie | ECO613 | |
| Bankbestuur | ECO614 | |
| Wiskundige ekonomie # | ECO632 | |
| Regulering van finansiële instellings # | ECO633 | |
| Finansiële stelsels en monetêre beleid | | ECO621 |
| | | **Een van die volgende:** |
| Skripsie in finansiële ekonomie en bankwese | | ECO695 |
| Publiseerbare verwante artikel in finansiële ekonomie en bankwese | | ECO685 |

| | | Een van die volgende: |
|---|---|---|
| Afgeleide instrumente | | ECO724 |
| Internasionale finanswese | | ECO725 |
| Internasionale ekonomie | | ECO623 |

# Modules tel 8 krediete; alle ander modules tel 16 krediete; skripsie of publiseerbare artikel tel 32 krediete

## F29.4 ONDERNEMINGSBESTUUR
## Studiekode 6500

**Inligting**

Toelating tot die studie is onderhewig aan goedkeuring deur die departementele voorsitter op grond van ’n bevredigende studierekord en die voldoening van die volgende vereistes. Om toelating tot honneursstudie in Ondernemingsbestuur te verkry, moet ‘n voornemende student alle voorgraadse modules in Ondernemingsbestuur voltooi het en ten minste twee van die volgende modules OBS314, IBM 314, OBS 344, OBS324, en OBS364 met ‘n gesamentlike gemiddeld van 60% geslaag het (of gelykwaardige modules van ander instellings). Voornemende studente moet voor 30 November van die voorafgaande jaar skriftelik aansoek doen om toelating tot die graad alvorens hulle registreer. Aansoekvorms is by die departementele voorsitter, departement Ondernemingsbestuur, beskikbaar.

**Kurrikulum**

Die graad bestaan uit ses modules plus 'n skripsie. Die modules word in oorleg met die departementele voorsitter gekies. 'n Student mag hoogstens drie modules per semester neem (skripsie uitgesluit). Alle modules word nie noodwendig jaarliks aangebied nie en keuses kan deur verskeie relevante redes, soos die beskikbaarheid van personeel, beïnvloed word.

Deeltydse studente neem die graad oor twee jaar in oorleg met die departementele voorsitter.

| Module | Modulekodes | |
|---|---|---|
| | **Semester 1** | **Semester 2** |
| Skripsie (Verplig) | OBS 692 | OBS692 |
| | **Drie van die volgende** | **Drie van die volgende** |
| Gevorderde Strategiese Bestuur | OBS 611 | |
| Strategiese Bemarkingsbestuur | | OBS 621 |
| Gevorderde Finansiële Bestuur | OBS 612 | |
| Entrepreneuriese Bestuur | | OBS 622 |
| Verbruikersgedrag | OBS 613 | |
| Dienstebestuur | OBS 614 | |
| Entrepreneurskap | OBS 615 | |
| Projekbestuur | | OBS 623 |
| Internet Handel | | OBS 624 |
| Internasionale Bemarking | | OBS 625 |

Een of hoogstens twee goedgekeurde modules uit 'n ander departement met toestemming van die betrokke departementele voorsitter. Gebruik die betrokke modulekode.

## F29.5 OPENBARE BESTUUR (Publieke Administrasie) Studiekode 6570

### Inligting

Toelating tot die studie is onderhewig aan goedkeuring deur die departementele voorsitter op grond van 'n bevredigende studierekord. Voornemende studente moet skriftelik aansoek doen om toelating tot die graad alvorens hulle mag registreer. Aansoekvorms is by die departementele voorsitter, departement Openbare Bestuur, beskikbaar.

### Kurrikulum

Ses modules plus 'n skripsie oor 'n goedgekeurde onderwerp. Onderhewig aan die goedkeuring van die departementele voorsitter, kan die graad oor twaalf, agtien of vier-en-twintig maande geneem word, afhangende van die student se akademiese agtergrond en of die kandidaat 'n voltydse of deeltydse student is.

Modules wat vir hierdie graad geslaag is, kan nie vir 'n ander graad of diploma erken word nie.

| Module | Modulekodes |
|---|---|
| Uitvoerende Openbare Bestuur | PUB601 |
| Openbare Beleid en Dienslewering | PUB602 |
| Openbare Finansiële Bestuur | PUB603 |
| Organisasie-analise en Interowerheidsverhoudinge | PUB604 |
| Openbare Menslike Hulpbronbestuur | PUB605 |
| Navorsingsmetodologie vir Openbare Sektor Bestuur | PUB606 |

| | |
|---|---|
| Skripsie | PUB691 |

## F29.6 REKENINGKUNDE (B.Com.Hons.) Studiekode 6506

**Voorvereistes**
Verwys na spesifieke vakvoorvereistes hierbo. ‘n Finale punt van 55% in REK308 word vereis. Studente van ander instansies moet vooraf goedkeuring by die Programdirekteur: Rekenmeestersopleiding verkry.

**Kurrikulum**
Die graad bestaan uit ‘n keuse tussen twee opsies. Studente wat in die toekoms vir B.Rek. (Hons.) wil registreer met die oog op ‘n loopbaan in geoktrooieerde rekenmeesterskap, moet opsie A uitoefen (verwys na voorvereistes vir Studiekode 6580), terwyl ander studente opsie B mag uitoefen.

**OPSIE A:** Die volgende **vier** jaarmodules is **verpligtend**:

| Module | Modulekodes | |
|---|---|---|
| | Semester 1 | Semester 2 |
| Rekeningkunde | REK608 | REK608 |
| Ouditkunde | AUD608 | AUD608 |
| Bestuursrekeningkunde en Finansies | MAF608 | MAF608 |
| Belasting | BEL608 | BEL608 |

**OPSIE B:** Kies enige drie jaarmodules (of ekwivalent) uit die volgende:

| Module | Modulekodes | |
|---|---|---|
| | **Semester 1** | **Semester 2** |
| Rekeningkunde | REK608 | REK608 |
| Ouditkunde | AUD608 | AUD608 |
| Bestuursrekeningkunde en Finansies | MAF608 | MAF608 |
| Belasting | BEL608 | BEL608 |
| | of | |
| | ‘n Jaarmodule (of twee honneurs-semestermodules) in Ondernemings-bestuur, Rekenaarinligtingstelsels of Ekonomie soos goedgekeur deur die Programdirekteur: Rekenmeestersopleiding. Gebruik die betrokke modulekode | |

**Plus**

| | |
|---|---|
| ‘n Kort skripsie wat handel oor enige rekeningkundige onderwerp, onderhewig aan goedkeuring van die Programdirekteur, Rekenmeestersopleiding. | REK691 |

## F29.7 REKENINGKUNDE (B.Rek.Hons.) Studiekode 6580

**Voorvereistes**

- B.Rek.-graad (of ekwivalent soos goedgekeur deur die Programdirekteur: Rekenmeestersopleiding), met dien verstande dat ‘n gekombineerde gemiddelde punt van minstens 58% vir FIN308, ODT308, BLS308 en BRF308 (gesamentlik) behaal is.(Die minimumpunt vir FIN308 moet 55% wees).

of

- B.Com. Hons. in Rekeningkunde (kyk na regulasie F27.6 Studiekode 6506) indien opsie A hierbo uitgeoefen is, met ‘n gekombineerde gemiddelde punt van 58% in REK608, MAF608, BEL608 en AUD608). (Die minimumpunt vir REK608 moet 55% wees).

**Kurrikulum**

Die graad bestaan uit vier jaarmodules (of ekwivalent).

| Module | Modulekodes | |
|---|---|---|
| | Semester 1 | Semester 2 |
| Gevorderde Finansiële Rekeningkunde | FIN608 | FIN608 |
| Gevorderde Bestuursrekeningkunde | BRF608 | BRF608 |
| Gevorderde Belasting | BLS608 | BLS608 |
| Gevorderde Ouditkunde | ODT608 | ODT608 |

**Let wel:**

- Studente wat B.Rek. Honneurs herhaal om te kwalifiseer vir die kwalifiserende eksamen "609" in plaas van "608"-kodes registreer. Studente mag slegs eenkeer vir "609"-kodes registreer en dit kan nie die volgende jaar herhaal word nie.

**Inligting:** *Toelating tot die kwalifiserende eksamen van die SA Instituut van Geoktrooieerde Rekenmeesters.*
Verwys asb. na u studiegids vir volledige inligting.

Studente moet 'n gekombineerde gemiddelde jaarpunt van minste 40% in al vier bogemelde modules behaal. Studente wat nie kwalifiseer om die Novembereksamens vir B.Rek. Honneurs te skryf nie mag onmiddellik oorskakel na B.Com. Honneurs in Rekeningkunde en skryf dan die eksamen vir B.Com. Honneurs in Rekeningkunde tydens die Novembereksamen

## F29.7.2 BESTUURSREKENINGKUNDE (B.Com.Hons.) Studiekode 6518

**Voorvereistes**
'n Toepaslike B-graad met Rekeningkunde op NKV-vlak 6 (oud) geslaag met minstens 55% op derdejaarsvlak plus toestemming deur die Programdirekteur: Rekenmeenstersopleiding.

**Kurrikulum:**

Die graad is in lyn met die sillabusse van die 'Chartered Institute of Management Accountant' (CIMA) en is gerig op die Gevorderde Diploma in Bestuursrekeningkunde van CIMA. Die graad bestaan uit die onderstaande

ses eenjaarmodules plus ‘n verhandeling in Bestuursrekeningkunde of Finansiële Bestuur.

| Modules | Modulekodes | |
|---|---|---|
| | **Semester 1** | **Semester 2** |
| Finansiële Rekeningkunde en Belastingbeginsels* | FAT605* | FAT605* |
| Finansiële Analises | FNA605 | FNA605 |
| Bestuursrekeningkunde en Prestasie-evaluering | MAP605 | MAP605 |
| Bestuursrekeningkunde en Besluitsbestuur | MAD605 | MAD605 |
| Geïntegreerde Bestuur | IMA605 | IMA605 |
| Organisasiebestuur en Inligtingstelsels | OMA605 | OMA605 |

Plus

| | |
|---|---|
| Skripsie | REK692 |

Studiemateriaal, soos voorgeskryf deur CIMA, word gebruik volgens streg riglyne van CIMA. Klasse word slegs in Engels aangebied op Vrydagmiddae/aande en Saterdae. Studente word geassesseer binne die assesseringsraamwerk van die Universiteit terwyl CIMA-personeel as eksterne assessore optree. Na voltooiing van die B.Com. Honneurs in Bestuursrekeningkunde is dit vir studente slegs nodig om met die toepaslike praktiese ervaring die “Professional Strategic Level van CIMA te slaag om ‘n volle lid van CIMA te word.

* Vrystelling sal gegee word indien ‘n student REK308 of FIN308, en BEL308 of BLS308 of BEL308 geslaag het.

## F29.7.1 BELASTING (B.Com.Hons.) Studiekode 6521

### Voorvereistes

Verwys na spesifieke vakvoorvereistes op bladsy 7. Studente van ander instansies moet vooraf spesiale goedkeuring verkry by die Programdirekteur: Rekenmeestersopleiding.

**Kurrikulum**:

Die graad bestaan uit die onderstaande drie jaarmodules plus ’n mini-skripsie in Belasting:

| Modules | Modulekodes | |
|---|---|---|
| | **Semester 1** | **Semester 2** |
| Belasting | BEL608 | BEL608 |
| Gevordere korporatiewe belasting | TXA601 | TXA601 |
| Boedelbeplanning in perspektief | TXA603 | TXA603 |
| Salarisstrukturering in perspektief | TXA607 | TXA607 |
| Belastingadministrasie, wat is my regte? | TXA609 | TXA609 |
| Kapitale winsbelasting | TXA608 | TXA608 |

Plus

| | |
|---|---|
| Mini-skripsie | REK693 |

## REG.F30 KURRIKULA: TEMAGERIGTE HONNEURSGRAAD

**Inligting**

’n Temagerigte honneursgrade kan in Bemarking behaal word:

Voornemende studente moet skriftelik voor 30 November van die voorafgaande jaar by die Programdirekteur: Privaatsektorbestuur aansoek doen alvorens hulle vir die graad registreer. Honneursmodules kan slegs geneem word met die toepaslike voorgraadse modules as onderbou. (Kyk voorvereistes hierbo).

**Kurrikulum**

Die graad bestaan uit ses modules plus ‘n kort skripsie. Al die keusemodules word nie noodwendig elke jaar aangebied nie.

Die graad word soos volg saamgestel:

## F30.3 B.Com.Hons.: Bemarking
## Studiekode 6504

| **Module** | **Modulekodes** | |
|---|---|---|
| | **Semester 1** | **Semester 2** |
| Strategiese Bemarkingsbestuur | | OBS 621 |
| Verbruikersgedrag | OBS 613 | |
| Geïntegreerde Bemarkingskommunikasie* | BKB621 | BKO 713 |
| Skripsie | OBS 692 | OBS 692 |
| Dienstebestuur | OBS 614 | |
| Internet Handel | | OBS 624 |

* Studente wat vir BKO713 inskryf sonder voorgraadse onderbou in Bemarkingskommunikasie, moet by die Departement Kommunikasiekunde aanmeld om die nodige reëlings te tref.

**B.Com. Honneurs in Rekenaarinligtingstelsels Studiekode 6500**
**B.Com. Honneurs in Statistiek Studiekode 6500**
**B.Com. Honneurs in Wiskunde Studiekode 6500**
**B.Com. Honneurs in Landbou-ekonomie Studiekode 6500**

Verwys na die jaarboek van die Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe (Deel 3: Natuurwetenskappe: Nagraadse programme) vir meer inligting oor hierdie grade.

# MAGISTERGRADE

Magistergrade gee aan die student wat reeds ‘n baccalaureusgraad sowel as 'n honneursgraad behaal het, geleentheid om verder te studeer in ‘n voorkeurrigting. Vir beroepsgerigte magistergrade soos 'n M.P.A.- of M.B.A.-graad is 'n honneursgraad nie noodwendig nodig nie.

Hoewel ‘n baccalaureusgraad vir ‘n student ‘n soliede algemeen-vormende wetenskaplike basis gee en honneursstudie meer vakkundige verdieping, bied gevorderde nagraadse studie vir ‘n magistergraad 'n besondere geleentheid vir vakkundige en wetenskaplike verdieping. Dit is ook die laaste stap voor ‘n doktorsgraad (Ph.D.), die hoogste akademiese kwalifikasie.

Die volgende magistergrade word in die Fakulteit aangebied:

| **Graad** | **Min.jare van studie** | **Afkorting** | **Studie-kode** |
|---|---|---|---|
| Magister Administrationis | 1 | M.Admin. | 6711 |
| Magister in Openbare Bestuur | 1 | M.Pub. | 6771 |
| Magister Commercii | 1 | M.Com. | 6700 |
| Magister Computationis | 1 | M.Compt. | 6740 |
| Magister Rekeningkunde | 1 | M.Rek. | 6780 |
| Magister Economiae* | 1 | M.Econ. | 6750 |
| Magister in Personeelleiding* | 1 | M.P.L. | 6730 |
| Magister in Ontwikkelingstudies | 2 | M.D.S. | 6782 |
| Magister in Publieke Administrasie | 2 | M.P.A. | 6722 |
| Magister in Besigheidsadministrasie | 2 | M.B.A. | 6781 |
| Magister Comercii: Ekonomie | 1 | M.Com. | 6794 |
| Magister Comercii: Ekonomiese Beleidsontleding | 1 | M.Com. | 6795 |
| Magister Comercii: Toegepaste Ekonometrie | 1 | M.Com. | 6796 |
| Magister Comercii: Finansiële Ekonomie en Beleggingsbestuur | 1 | M.Com. | 6797 |
| Magister Comercii: Finansiële Ekonomie en Bankwese | 1 | M.Com. | 6798 |

* Slegs vir studente wat B.Econ. (Hons) of B.P.L. (Hons) aan die UV of ‘n ander universiteit behaal het.

Behalwe vir beroepsgerigte magistergrade soos 'n M.P.A.- of M.B.A.- graad, kan slegs die magistergraad wat ooreenstem met die naam van die kandidaat se voorafgaande baccalaureus- en honneursgraad geneem word. 'n Verdere uitsondering is gevalle waar ‘n student weens ‘n baie goeie rede en met spesiale toestemming in ‘n nie-ooreenstemmende magistergraad geakkommodeer moet word (algemene regulasie A80).

Behalwe vir grade soos 'n MPA- of MBA- graad, word 'n magistergraad behaal in 'n bepaalde dissipline of vak. Anders as by die honneursgrade is hier dus nie temagerigte opsies nie. Kandidate met 'n temagerigte honneursgraad behoort 'n magistergraad in 'n gepaste dissipline te kan behaal, hoewel sekere bykomende modules of selfstudiemodules moontlik gedoen sal moet word.

'n Magistergraad kan op twee wyses behaal word:

(a) 'n gedoseerde of module-opsie, bestaande uit vier, ses of meer modules (gewoonlik semestermodules, maar sommiges ook jaarmodules) plus 'n skripsie of uitgebreide skripsie, of
(b) 'n verhandeling.

Die gedoseerde opsie is slegs in sekere dissiplines beskikbaar, bv. Ekonomie, asook by die Magister in Publieke Administrasie (M.P.A.).

**REGULASIES**

Tensy anders aangedui, is die algemene regulasies ten opsigte van magistergrade van toepassing op magistergrade in hierdie Fakulteit.

**TOELATING**

Toelating geskied met toestemming van die betrokke departementele voorsitter in modules wat tot op derdejaarsvlak vir die B-graad aangebied is en waarin 'n honneursgraad verwerf is. In die geval van 'n temagerigte honneursgraad berus die besluit oor toelating ook by die departementele voorsitter van die vak waarin die magistergraad behaal wil word. Vir toelating tot die M.Compt.-, M.Rek.- en M.P.A.-grade, kyk regulasies F15.12 en F15.18.

Alle kandidate wat volgens die verhandelingsopsie geregistreer is moet in oorleg met die studieleier(s) minstens een publiseerbare artikel vir ’n goedgekeurde vakwetenskaplike tydskrif voorberei, voordat die verhandeling vir eksaminering ingedien word

## REG.F31 KURRIKULUMS: MAGISTERGRADE

Vervolgens die onderskeie vakrigtings waarin 'n magistergraad behaal kan word.

### F31.1 Modules in ander Fakulteite Studiekode 6700

Vir magisterstudie in

**Antropologie**
**Bedryfskommunikasie**
**Landbou-ekonomie**
**Politieke Wetenskap**
**Rekenaarinligtingstelsels**
**Sielkunde**
**Sosiologie**
**Statistiek**
**Wiskunde,**

raadpleeg die Jaarboek van die betrokke Fakulteit vir die kurrikulum.

### F31.2 BEDRYFSIELKUNDE Studiekode 6700

**Inligting**

Toelating tot die studie is onderhewig aan goedkeuring deur die departementele voorsitter op grond van 'n bevredigende studierekord. Voornemende studente moet skriftelik by die departementele voorsitter aansoek doen om toelating tot die graad alvorens hulle registreer. 'n Brief waarin aansoek gedoen word sowel as 'n akademiese rekord moet aan die Departementele Voorsitter van die departement Bedryfsielkunde gepos of gefaks word.

Toelating en registrasie is ook onderhewig aan die voorlegging van 'n goedgekeurde navorsingsvoorstel.

BSK700 'n Verhandeling. Die verhandeling moet bewys lewer dat die kandidaat in staat is om wetenskaplike navorsing te doen.
.

## F31.3 EKONOMIE

**Inligting oor die volgende grade:**

- Magistergraad in Ekonomie
- Magistergraad in die spesialiteitsveld Toegepaste Ekonometrie
- Magistergraad in die spesialiteitsveld Finansiële Ekonomie en Beleggingsbestuur
- Magistergraad in die spesialiteitsveld Ekonomiese Beleidsontleding
- Magistergraad in die spesialiteitsveld Finansiële Ekonomie en Bankwese

Toelating tot die studie is onderhewig aan goedkeuring deur die departementele voorsitter. Om toegelaat te word moet ‘n student ten minste ‘n gemiddeld van ten minste 65% in sy/haar honneursgraad behaal het. Verder moet ‘n student wat die verhandelingsopsie (ECO700) wil voltooi, ‘n gemiddeld van ten minste ten minste 65% in sy/haar honneursskripsie of publiseerbare verwante artikel (of ekwivalent) behaal het. Voornemende studente moet skriftelik aansoek doen om toelating tot die graad alvorens hulle registreer. Aansoekvorms is by die departementele voorsitter, departement Ekonomie, beskikbaar.

Toelating tot die verhandeling-opsie (i) hieronder is onderhewig aan die voorlegging van 'n goedgekeurde navorsingsvoorstel.

Tensy vrystelling deur die departementele voorsitter verleen word, is Statistiek 114 en 124 of Wiskunde 114 en 124 'n voorvereiste vir alle opsies hieronder.

Verder moet studente wat vir enige van die onderstaande magistergrade wil inskryf, al die verpligte modules (of hul ekwivalente) van die ooreenstemmende honneursgraad voltooi het.

Waar ‘n student ‘n honneursgraad in een spesialiteitsveld wat in die departement aangebied word, voltooi het, maar hy/sy wens om met ‘n magistergraad in ‘n ander veld wat ook binne die departement aangebied word, voort te gaan, kan hy/sy dit alleen met die toestemming van die departemente voorsitter doen. Voor so ‘n student kan inskryf moet hy/sy eers die verpligte modules (of ekwivalente) van die honneursgraad wat met die magistergraad waarvoor hulle wil inskryf, ooreenstem, voltooi.

Volledige inligting oor die aanbiedingswyses en die optimale samestelling van 'n graadpakket is op aanvraag by die departementele voorsitter, departement Ekonomie, beskikbaar.

**Kurrikulum**

Die verwerwing van die magister in Ekonomie, Toegepaste Ekonometrie, Finansiële Ekonomie en Portefeuljebestuur, Ekonomiese Beleidsontleding of Finansiële Ekonomie en Bankwese kan, onderhewig aan die goedkeuring van die departementele voorsitter, geskied deur óf opsie (i) óf opsie (ii) hieronder te volg.

i) ECO700 'n Verhandeling of ten minste 3 publiseerbare artikels oor 'n goedgekeurde onderwerp, wat die resultaat van oorspronklike navorsing moet wees

of

ii) Vier modules (16 krediete elk) plus 'n uitgebreide skripsie of publiseerbare verwante artikels (64 krediete) oor 'n goedgekeurde onderwerp.

Die keuse van modules moet deur die departementele voorsitter goedgekeur word en moet saamgestel word in ooreenstemming met die tabelle van die relevante grade hieronder uiteengeset. Alle modules word nie noodwendig jaarliks aangebied nie, en keuses kan beïnvloed word deur personeelbeskikbaarheid en interne omstandighede. Onderhewig aan die goedkeuring van die departementele voorsitter, kan die graad oor twaalf, agtien of vier-en-twintig maande voltooi word, afhangende van die student se akademiese agtergrond en of die kandidaat 'n voltydse of deeltydse student is.

**Spesialiteitsveld:**
**Ekonomie**
**Studiekode 6794**

| Module | Modulekodes | |
|---|---|---|
| | **Semester 1** | **Semester 2** |
| Makro-ekonomie II | ECO711 | |
| Toegepaste mikro-ekonomie en mededingingsbeleid | | ECO721 |
| | **Een van die volgende:** | |
| Uitgebreide skripsie in ekonomie | ECO791 (oor beide semesters) | |
| Publiseerbare verwante artikels in ekonomie | ECO781 (oor beide semesters) | |
| | **Een van die volgende** | |
| Internasionale monetêre betrekkinge | ECO712 | |
| Gesondheidsekonmie | ECO713 | |
| Ontwikkelingsekonomie | ECO719 | |
| Openbare ekonomie II (Openbare finansies) | ECO715 | |
| Gevorderde ekonometrie | ECO716 | |
| Capita Selecta | ECO717 | |
| | | **Een van die volgende** |
| Gevorderde tydreeksekonometrie | | ECO722 |
| Deursnit- en paneeldata-ekonometrie | | ECO723 |

**Spesialiteitsveld:**
**Toegepaste Ekonometrie**
**Studiekode 6796**

| **Module** | **Modulekodes** | |
|---|---|---|
| | **Semester 1** | **Semester 2** |
| Makro-ekonomie II | ECO711 | |
| Toegepaste mikro-ekonomie en mededingingsbeleid | | ECO721 |
| | **Een van die volgende:** | |
| Uitgebreide skripsie in toegepaste ekonometrie | ECO792 (oor beide semesters) | |
| Publiseerbare verwante artikels in toegepaste ekonometrie | ECO782 (oor beide semesters) | |
| | **Een van die volgende** | |
| Internasionale monetêre betrekkinge | ECO712 | |
| Gesondheidsekonomie | ECO713 | |
| Ontwikkelingsekonomie | ECO719 | |
| Openbare ekonomie II (Openbare finansies) | ECO715 | |
| Gevorderde ekonometrie | ECO716 | |
| Capita Selecta | ECO717 | |
| | | **Een van die volgende** |
| Gevorderde tydreeksekonometrie | | ECO722 |
| Deursnit- en paneeldata-ekonometrie | | ECO723 |

**Spesialiteitsveld:**
**Finansiële Ekonomie en Beleggingsbestuur**
**Studiekode 6797**

| **Module** | **Modulekodes** | |
|---|---|---|
| | **Semester 1** | **Semester 2** |
| Makro-ekonomie I | ECO711 | |
| Lesings in beleggingsbestuur | ECO718 | |
| Gevorderde tydreeksekonometrie | | ECO722 |
| Afgeleide instrumente | | ECO724 |
| | **Een van die volgende**: | |
| Uitgebreide skripsie in finansiële ekonomie en beleggingsbestuur | ECO693 (oor beide semesters) | |

| | |
|---|---|
| Publiseerbare verwante artikels in finansiële ekonomie en beleggingsbestuur | ECO683 (oor beide semesters) |

**Spesialiteitsveld:**
**Ekonomiese Beleidsontleding**
**Studiekode 6795**

| **Module** | **Modulekodes** | |
|---|---|---|
| | **Semester 1** | **Semester 2** |
| Makro-ekonomie II | ECO711 | |
| Toegepaste mikro-ekonomie en mededingingsbeleid | | ECO721 |
| | **Een van die volgende:** | |
| Uitgebreide skripsie in ekonomiese beleidsanalise | ECO794 (oor beide semesters) | |
| Publiseerbare verwante artikels in ekonomiese beleidsanalise | ECO784 (oor beide semesters) | |
| | **Een van die volgende** | |
| Internasionale monetêre betrekkinge | ECO712 | |
| Gesondheidsekonmie | ECO713 | |
| Ontwikkelingsekonomie | ECO719 | |
| Openbare ekonomie II (Openbare finansies) | ECO715 | |
| Capita Selecta | ECO717 | |
| | | Een van die volgende |
| Gevorderde tydreeksekonometrie | | ECO722 |
| Deursnit- en paneeldata-ekonometrie | | ECO723 |

**Spesialiteitsveld:**
**Finansiële Ekonomie en Bankwese**
**Studiekode 6798**

| **Module** | **Modulekodes** | |
|---|---|---|
| | **Semester 1** | **Semester 2** |
| Makro-ekonomie II | ECO711 | |
| Internasionale monetêre betrekkinge | ECO712 | |
| Gevorderde tydsreeksekonometrie | | ECO722 |
| | **Een van die volgende** | |
| Uitgebreide skripsie in finansiële ekonomie en bankwese | ECO795 (oor beide semesters) | |
| Publiseerbare verwante artikels in finansiële ekonomie en bankwese | ECO795 (oor beide semesters) | |
| | | **Een van die volgende** |
| Afgeleide instrumente | | ECO724 |
| Internasionale finansiering | | ECO725 |

## F31.4 ONDERNEMINGSBESTUUR
## Studiekode 6700

### Algemene inligting

Voornemende studente moet skriftelik aansoek doen om toelating tot die graad voordat hulle registreer. Aansoekvorms is beskikbaar by die departementele voorsitter, departement Ondernemingsbestuur. Die graad kan voltyds of deeltyds gevolg word.

### Kurrikulum

Vir die verwerwing van die magistergraad in Ondernemingsbestuur moet 'n kandidaat aan die volgende vereiste voldoen:

| | |
|---|---|
| OBS700 | 'n Verhandeling of minstens drie publiseerbare artikels oor 'n goedgekeurde onderwerp gebaseer op oorspronklike navorsing in 'n Ondernemingsbestuursrigting. |

## F31.5 OPENBARE BESTUUR (Publieke Administrasie) (M.Pub.) Studiekode 6771

### Algemene inligting

Toelating tot die studie is onderhewig aan goedkeuring deur die departementele voorsitter. Om toegelaat te word moet ‘n student ten minste ‘n gemiddeld van 65% in sy/haar honneursgraad behaal het. Verder moet ‘n student 65% in sy/haar honneursskripsie behaal het. Voornemende studente moet skriftelik aansoek doen om toelating tot die graad alvorens hulle registreer. Aansoekvorms is by die departementele voorsitter, departement Openbare Bestuur, beskikbaar. Neem kennis dat aangesien daar in totaal slegs 30 plekke in die MPA program van die Departement Openbare Bestuur beskikbaar is, beteken hierdie toelatingsvereistes nie outomatiese toegang tot die MPA program verleen nie.

### Kurrikulum

Vir die verwerwing van die magistergraad in Openbare Bestuur moet 'n kandidaat aan die volgende vereiste voldoen:

| | |
|---|---|
| PUB700 | 'n Verhandeling of minstens drie publiseerbare artikels oor 'n goedgekeurde onderwerp uit die vakgebied van Openbare Bestuur. |

## F31.6 REKENINGKUNDE (M.Com.) Studiekode 6700

| | |
|---|---|
| REK791 | 'n Verhandeling of minstens drie publiseerbare artikels oor 'n goedgekeurde onderwerp gebaseer op oorspronklike navorsingswerk. |

## F31.7 REKENINGKUNDE (M.Rek. / M.Compt.)
## Studiekode 6740

| | |
|---|---|
| REK700 | 'n Verhandeling of minstens drie publiseerbare artikels oor 'n goedgekeurde onderwerp gebaseer op oorspronklike navorsingswerk |

## F31.8 MAGISTER IN PUBLIEKE ADMINISTRASIE (M.P.A.)
## Studiekode 6722

Die Magister in Publieke Administrasie is 'n gevestigde beroepsgerigte nagraadse bestuurskwalifikasie gerig op hoëvlak bestuurswerk in die openbare sektor. Dit is bedoel vir gegradueerde persone wat nie noodwendig voorgraadse agtergrond in publieke administrasie of openbare bestuur het nie, maar wat wel in die openbare sektor of verwante areas relevante beroepservaring opgedoen het en wat hul bestuursvaardighede wil verbeter.

**Toelating**
Vir toelating tot die graad Magister in Publieke Administrasie moet 'n student minstens in besit wees van 'n baccalaureusgraad, 'n bevredigende akademiese rekord en beskik oor uitgebreide praktiese ervaring wat na oordeel van die Programdirekteur: Openbare Sektor Bestuur as voldoende geag word. Aansoekvorms is by die Programdirekteur beskikbaar.

(Kyk ook die Gevorderde Diploma in Publieke Administrasie hieronder).

**Tydsduur**
Behoudens die bepalings van regulasie A.84 moet 'n student vir die graad Magister in Publieke Administrasie minstens twee jaar lank geregistreer wees.

**Skripsie**
Die onderwerp vir die skripsie moet in oorleg met die Programdirekteur gekies en ingedien word voor of op die datums wat in die Universiteitskalender vir magistergrade bepaal word.

Die skripsie moet binne twee jaar na die suksesvolle afhandeling van die skriftelike eksamens voltooi word, by gebreke waarvan studente slegs vir 'n volgende studiejaar toegelaat sal word na bewys van bevredigende vordering met die skripsie.

**Kurrikulum**

Die graad bestaan uit vyf semestermodules plus 'n skripsie oor 'n onderwerp uit die vakgebied van Openbare Bestuur. Al vyf die modules is verpligtend. Ten einde toegelaat te word om met die skripsie in die tweede studiejaar voort te gaan, moet die student ‘n 65% punt in die module Navorsingsmetodologie in Openbare Bestuur behaal.

**MODULES**

| | |
|---|---|
| MPA721 | Uitvoerende Openbare Bestuur |
| MPA723 | Openbare Finansiële Bestuur |
| MPA724 | Organisasie-analise en interowerheidsverhoudinge |
| MPA725 | Openbare Menslike Hulpbronbestuur |
| MPA732 | Navorsingsmetodologie in Openbare Bestuur |

In die tweede studiejaar moet studente ‘n skripsie doen. Om egter toegelaat te word om met die skripsie voort te gaan moet die student ‘n 65% punt in die module Navorsingsmetododologie in Openbare Bestuur in die eerste jaar behaal.

| | |
|---|---|
| MPA791 | Uitgebreide skripsie |

## MAGISTER IN REKENAARINLIGTINGSTELSELS

Verwys asseblief na die jaarboek van die Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe (Deel 3: Natuurwetenskappe: Nagraadse programme) vir meer inligting oor die graad.

# DOKTORSGRADE

Die volgende doktorsgrade word in die Fakulteit toegeken:

| Graad | Min.tydperk van studie | Afkorting | Studie-kode |
|---|---|---|---|
| Doctor Administrationis | | D.Admin. | 6910 |
| Doctor in Openbare Bestuur | | D.Pub. | 6970 |
| Doctor Commercii | | D.Com. | 6900 |
| Doctor Computationis | | D.Compt. | 6940 |
| Doctor Rekeningkunde | | D.Rek. | 6980 |
| Doctor Economiae* | | D.Econ. | 6950 |
| Doctor in Personeelleiding* | | D.P.L. | 6930 |
| Philosophiae Doctor | 2 jaar | Ph.D | 6960 |

* Slegs vir studente wat M.Econ. of M.P.L. aan die UV of ‘n ander universiteit behaal het.

**Regulasies**
Tensy anders gespesifiseer, is die algemene regulasies t.o.v. doktorsgrade van toepassing op hierdie Fakulteit.

**Toelating**
Toelating tot 'n doktorsgraad is onderhewig aan goedkeuring deur die betrokke departementele voorsitter op grond van 'n bevredigende akademiese agtergrond en die voorlegging van 'n goedgekeurde navorsingsvoorstel in ooreenstemming met die voorgeskrewe prosedures van die betrokke departement.

Alle kandidate wat volgens die proefskrifsopsie geregistreer is moet in oorleg met die promotor(s) minstens twee publiseerbare artikels vir ’n goedgekeurde vakwetenskaplike tydskrif voorberei, voordat die verhandeling vir eksaminering ingedien word

Studente in besit van die M.P.A.-graad kan met goedkeuring van die departementele voorsitter, toegelaat word tot die Ph.D.-graad.

## REG.F32 PHILOSOPHIAE DOCTOR (Ph.D.)
## Studiekode 6960

Die Ph.D.-graad is die aangewese graad vir iemand wat die studie ná die magistergraad wil voortsit, ongeag die graadbenaming van vorige voorgraadse of nagraadse studie.

Die Ph.D.-graad kan in hierdie Fakulteit op grond van 'n proefskrif of minstens 5 publiseerbare artikels in die volgende dissiplines toegeken word:

Antropologie, Bedryfsielkunde, Bedryfskommunikasie, Ekonomie, Landbou-ekonomie, Ondernemingsbestuur, Politieke Wetenskap, Openbare Bestuur, Rekenaarinligtingstelsels, Rekeningkunde, Sielkunde, Sosiologie, Statistiek, Wiskunde.

| Graad | Afkorting | Studiekode |
|---|---|---|
| Doctor Administrationis | Ph.D. | 6910 |
| Doctor in Openbare Bestuur | Ph.D. | 6970 |
| Doctor Commercii | Ph.D. | 6900 |
| Doctor Computationis | Ph.D. | 6940 |
| Doctor in Rekeningkunde | Ph.D. | 6980 |
| Doctor Economiae | Ph.D. | 6950 |
| Doctor in Personeelleiding | Ph.D. | 6930 |

Hierdie doktorsgrade is nie vir iemand wat hulle studie ná die magistergraad wil voortsit by wyse van ‘n proefskrif nie. Hierdie grade kan toegeken word aan 'n gedoktoreerde wat oor 'n aansienlike tydperk omvangryke publikasies van besondere gehalte op die vakgebied gelewer het. In buitengewone omstandighede mag die Senaat ook 'n persoon wat nie reeds oor 'n doktorsgraad beskik nie, toelaat om vir so 'n graad in te skryf.

Kandidate vir bogenoemde grade word na Algemene Regulasie 127 verwys.

# GEVORDERDE EN NAGRAADSE DIPLOMAS

Die volgende gevorderde en nagraadse diplomas word in die Fakulteit aangebied:

| Diploma | Min. tydperk van studie | Afkorting | Studie-kode |
|---|---|---|---|
| Gevorderde Diploma in Publieke Administrasie | 2 jaar | Gev.Dpl.P.A. | 6230 |
| Nagraadse Diploma in Belastingstrategie en –bestuur | 3 semesters | | 6260 |

## Regulasies

Tensy anders gespesifiseer, is die algemene regulasies ten opsigte van gevorderde en hoër diplomas van toepassing op hierdie Fakulteit.

## REG.F33 GEVORDERDE DIPLOMA IN PUBLIEKE ADMINISTRASIE GEV. DIPL. P.A. Studiekode 6230

Die Gevorderde Diploma in Publieke Administrasie is 'n gevestigde beroepsgerigte nagraadse bestuurskwalifikasie gerig op die openbare sektor vir persone wat nie universitêre agtergrond in publieke administrasie of openbare bestuur het nie, maar wat wel in die openbare sektor of verwante areas relevante beroepservaring opgedoen het.

### Toelating

Vir toelating tot die Diploma moet 'n student minstens in besit wees van 'n tersiêre diploma, 'n bevredigende akademiese rekord en beskik oor uitgebreide praktiese ervaring wat na oordeel van die Programdirekteur: Openbare Sektor Bestuur as voldoende geag word. Aansoekvorms is by die Programdirekteur beskikbaar.

(Raadpleeg ook die Magistergraad in Publieke Administrasie hierbo).

**Kurrikulum**

Die Diploma bestaan uit agt semestermodules. Ses van die modules is verpligtend. Die keuse van modules moet deur die Programdirekteur goedgekeur word. Alle modules word nie noodwendig jaarliks aangebied nie. Keuses kan beïnvloed word deur studentegetalle, personeelbeskikbaarheid en ander interne vereistes.

**Verpligtend**

| **Modules** | **Modulekodes** |
|---|---|
| Uitvoerende Openbare Bestuur | MPA521 |
| Openbare Beleid en Dienslewering | MPA522 |
| Openbare Finansiële Bestuur | MPA523 |
| Organisasie-analise en Interowerheidsverhoudings | MPA524 |
| Openbare Menslike Hulpbronbestuur | MPA525 |
| Ekonomie vir Openbare Sektor Bestuurders | MPA526 |

**Plus** twee gekies uit die volgende:

| **Modules** | **Modulekodes** |
|---|---|
| Openbare Bestuursreg | MPA527 |
| Ontwikkelingsosiologie | MPA528 |
| Kwantitatiewe Analise | MPA529 |
| Plaaslike Regering en Bestuur | MPA530 |
| Openbare Inligtingsbestuur en Tegnologie | MPA531 |
| 'n Spesialisasietema uit die studiegebied van Openbare Bestuur met toestemming van die Programdirekteur. | MPA532 |
| Politieke Omgewingsanalise | MPA533 |

'n Goedgekeurde module of modules uit 'n ander departement kan gevolg word met toestemming van die Programdirekteur en die betrokke departementele voorsitter. Gebruik die betrokke modulekode.

## REG.F33A NAGRAADSE DIPLOMA IN BELASTINGSTRATEGIE EN -BESTUUR (Studiekode 6260)

### INLIGTING

SA Belastingwetgewing het radikale veranderinge die laaste dekade ondergaan. Hierdie kwalifikasie het ten doel om almal betrokke by belasting op hoogte te bring met die nuutste ontwikkelinge. Belastingkonsultante sal bemagtig word om hulself en hul kliënte optimaal te posisioneer vanuit ‘n belastingperspektief – vir die hede, en die toekoms.

### DIPLOMA MET ONDERSKEIDING

Die diploma word met onderskeiding behaal indien aan die volgende vereistes voldoen word:

- Alle modules word binne ’n periode van twee (2) jaar aangebied en geslaag.
- ’n Gemiddelde punt van ten minste 75% word in al 10 modules behaal.
- Geen module mag gedruip word nie.

### TOELATINGSVEREISTES

Enige B Com. / B Rek. graad of gelykwaardige kwalifikasie wat belasting het as hoofvak, of
Relevante werksondervinding in die belastingveld (ondersteun deur ‘n portfolio) wat erken kan word in terme van voorafleer om te voldoen aan die eerste vereiste. Alle aansoeke is onderworpe aan ‘n keuringsproses.

### KURRIKULUM

Die minimum verloop van die kwalifikasie is 12 maande en bestaan uit 124 krediete op NKR vlak 7.
Die kwalifikasie bestaan uit die volgende modules (alle modules is verpligtend):

| Module | Modulekodes |
|---|---|
| Gevorderde korporatiewe belasting | TXA 601 |
| Basiese korporatiewe belasting | TXA 602 |
| Boedelbeplanning | TXA 603 |
| Boerderybelasting | TXA 604 |
| Berekening van individuele belasting | TXA 605 |
| Beleggings en hul belasting implikasies | TXA 606 |
| Salaris strukturering vanuit ‘n belasting perspektief | TXA 607 |
| Kapitalewinsbelasting | TXA 608 |
| Belastingadministrasie! Wat is my regte? | TXA 609 |
| Belasting op toegevoegde waarde (BTW) | TXA 610 |

Alle modules kan ook as kort leerprogramme bygewoon word. Erkenning van voorafleer sal dan gebruik word vir studente wat op ‘n latere stadium wil inskryf vir die hele kwalifikasie.